SGF CLIMATE CHANGE ADAPTATION

RESOURCES FOR FARMERS & HERDERS

Voorbereidende vrae

Courtesy of Jozua Lambrechts, Lambrechts Educational Services

December, 2017

Voorbereidende vrae vir STUDENTE

Fasiliteerder: Jozua Lambrechts
Tel: 083 310 1940
E-pos: jozua@websurf.co.za

Ek wil graag hê dat jy moet nadink oor die volgende vrae en aantekeninge maak oor moontlike antwoorde ter voorbereiding van ons gesprek.

1) Wat maak jou gelukkig?

2) Watters soort uitdagings sal jy graag wil beleef?

3) Wat gee betekenis en sin aan jou lewe?

4) Wat vind jy stimulerend en uitdagend?

5) Watter bydrae sal jy wil maak in jou familie, werksomgewing en die breër samelewing?

6) Wat sal jy wil hê moet jou nalatenskap wees?

7) Beskryf hoedat jy die meeste van die tyd sal wil voel.

8) Beskryf hoedat jy jou geestelike welstand wil sien.

9) Beskryf hoedat jy jou fisiese welstand wil sien.

10) Beskryf hoedat jy jou intellektuele welstand wil sien.

11) Beskryf hoedat jy jou emosionele welstand wil sien.

12) Beskryf jou “sterk punte” en “bates” in terme van:

a) Kennis, ondervinding en vaardighede:

b) Houding en gesindheid:

c) Verhoudinge met die uitgebreide familie, vriende en professionele mense wat jou kan ondersteun:

d) Huis of woonplek:

e) Toerusting:

f) Geld (kontant, aandele, beleggings, lenings ens):

g) Geleenthede tot jou beskikking wat jy kan ontsluit:

13) Beskryf jou “swak punte” en “behoeftes” in terme van:

a) Kennis, ondervinding en vaardighede:

b) Houding en gesindheid:

c) Verhoudinge met die uitgebreide familie, vriende en professionele mense wat jou kan ondersteun:

d) Huis of woonplek:

e) Toerusting:

f) Geld (kontant, aandele, beleggings, lenings ens):

g) Bedreigings wat jou welwees kan beïnvloed:

14) Waaraan heg jy die meeste waarde in verhoudinge? Beskryf hoe sal jy wil hê moet die verhoudinge wees tussen jou en:

a) Jou ouers:

b) Jou broers en susters:

c) Jou uitgebreide familie:

d) Jou vriende:

e) Jou dosente/onderwysers:

15) Watter kwaliteite sal jy die graagste wil sien in jou werksomgewing? Beskryf in die algemeen hoedat jou werksomgewing moet wees.

16) Hoe sal jy finansiële welvaart beskryf? Beskryf hoedat jy jou finansiële welstand sal wil sien.

17) Watter ideale en doelwitte sal jy wil bereik?

18) Beskryf hoedat jy gesien moet word deur jou familie, vriende, dosente en ander mense waarop jy staatmaak.

19) Beskryf moontlike werke of besighede waarin jy geïnteresseerd is.

20) Gebaseer op bogenoemde antwoorde, watter werk of besigheidsgeleenthede sal jy verder wil ondersoek of beleef in die volgende 2 tot 4 jaar?

21) Gebaseer op bogenoemde antwoorde, watter verdere studies sal jy graag wil onderneem om jou voor te berei vir die werk en besigheidsgeleenthede soos in nommer 20 uitgewys deur jou?

22) Gebaseer op bogenoemde antwoorde, watter soort vaardighede sal jy graag wil ontwikkel om jou voor te berei vir die werk en besigheidsgeleenthede soos in nommer 20 uitgewys deur jou?

23) Watter vorms van ondersteuning (finansieel, emosioneel, mentorskap ens) sal jy benodig om bogenoemde doelwitte te bereik?

24) Wat sal jou grootste uitdagings en bedreigings wees om bogenoemde te bereik?